

Figuur 5: Dadelpalms (*Phoenix dactyliferaen*) by Takwasa[165]

Daar het ook tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) verskeie onkruide saam met die Britse perde in die Koepelarea binnegekom en versprei, hoofsaaklik in die areas waar die inheemse plantegroei vernietig is,[166] soos die wilde verbena (*Pentanisia prunelloides*), wat onder meer gebruik word vir die verligting van brandwonde, swelsels, seer gewrigte, rumatiek, sooibrand, naarheid, koors, borspyn, tandpyn, tuberkulose, bloedonsuiwerhede, aambeie en slangbyt.[167]

Daar kan nie oor indringerplante in die Koepelarea geskryf word, sonder om melding te maak van meneer Lood Venter en die waterhiasinte-komitee nie. Venter, van die plaas Waterval, het oor etlike jare baie van sy tyd aan die hiasint-probleem op die Vaalrivier bestee (oorlog verklaar).[168] Vóór die vloed van 2010-2011 het die hiasinte feitlik die hele wateroppervlak van die Vaalrivier toegegroei (*Figuur 6*). In samewerking met die oewerbewoners sou die senior beamptes van Waterwese op Maandag 31 Julie 1995 water uit die Barrage losgelaat het sodat die hiasinte in die Vaalrivier kon wegspoel.[169] Waterwese het egter as gevolg van een klagte besluit om nie die ooreenkoms na te kom nie. Die

165 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Takwasa 2011.07.30.

166 GPA, MO2, J.G.E. Fourie (75), Parys 2010.12.01.

167 B.E. van Wyk *et al.*, *Medicinal plants of South Africa*, p. 224.

168 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

169 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

Vaalrivierwaterhiasinte-komitee het hulle ook beywer vir die bestryding van reeds genoemde uitheemse indringerbome en -struike, in besonder die bloekombome (*Eucalyptus*-spesies), wilde-seringbome of die waboom (*Burkea africana*), inkbessie-struike (*Cestrum parqui*) en Brasiliaanse "Geronia"-struike, wat 'n plaag langs die Vaalrivier geword het.[170]



Figuur 6: Hiasinte op die Vaalrivier bokant die keerwal by Waterval (ca. 1995)[171]

### Fauna in die Koepel

Wild was vroeër volop in die omgewing van die Koepel gewees. Daar is verskeie beendere, soos dié van die bontsebra (*Equus burchellii*), bergrietbok (*Redunca fulvorufula*), aardwolf (*Proteles cristatus*), ystervark (*Hystrix africaeaustralis*) en haas (*Lepus*-spesie), deur argeoloë by die Laat-Ystertydperkterrein op Buffelshoek[172] opgegrawe. Ook in dagboeke en reisbeskrywings[173] word daar

---

170 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

171 Foto: J.J.L. Venter-fotoversameling.

172 J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, p. 84.

173 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 91-92; G. Preller (red.), *Joernaal van 'n Trek, uit die dagboek van Erasmus Smit*, pp. 22, 82, 99; J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State, and the country of the Transvaal Boers, 1851-52" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30,

verwys na die Kaapse bobbejaan (*Papio ursinus*),[174] leeus (*Panthera leo*),[175] renosters, moontlik die witrenoster (*Ceratotherium simum*), kwagga of bontsebra, ook bekend as "Burchell se sebra" (*Equus burchellii*),[176] Kaapse buffel (*Syncerus caffer*),[177] volstruis (*Struthio camelus*),[178] seekoei (*Hippopotamu amphibius*),[179] en luiperd (*Panthera pardus*), wat in die volksmond bekend was as 'n tier of tijger.[180] Die boksoorte waarna daar verwys word, is onder meer die basterhartbees (*Damaliscus lunatus*),[181] koedoe (*Tragelaphus strepsiceros*),[182] eland (*Taurotragus oryx*),[183] swartwildebees (*Connochaetes gnu*),[184] blesbok (*Damaliscus albifrons*),[185] rooibok (*Aepyceros melampus*),[186] en die klipspringer (*Oreotragus oreotragus*).[187] Verder was daar ook volop vlakvarke (*Phacochoerus aethiopicus*) gewees.[188]

Sedert die vroegste jare het jag 'n integrale rol in die bedryfslewe van die jagters, reisigers en vroeë nedersetters in die binneland gespeel. Die produkte uit die

---

1860, pp. 239-240; W.C. Harris, "A Narrative of an expedition into Southern Africa during the years 1836 and 1837"; W.C. Harris, "Wild sports of Southern Africa" in J.C. Manning (ed.), *Historical plant incidence in Southern Africa*, pp. 250, 252, 282.

174 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 99.

175 G.S. Preller (red.), *Joernaal van 'n trek, uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 83.

176 W.C. Harris, "Wild sports of Southern Africa" in J.C. Manning (ed.), *Historical plant incidence in Southern Africa*, p. 250; T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, pp. 86, 99, 107, 111, 114; J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 239.

177 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 117.

178 J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 240.

179 G.S. Preller (red.), *Joernaal van 'n trek, uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 99.

180 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.09.29; GPA, MO2 G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27.

181 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 86.

182 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 116.

183 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 86.

184 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 95; J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 239.

185 J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 239.

186 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, pp. 86, 93, 111, 114.

187 J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 237.

188 J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 237.